

Die Heerser oor die heelal versorg vir my

Teks: Lukas 12: 1 - 12 & Sondag 9
Teksvers: Lukas 12: 6 & 7

1. Inleiding

In ons stelselmatige deurwerk van die kategismus is ons vanoggend by Sondag 9. In Sondag 9 val die fokus op die eerste persoon van die drie-eenheid. God, ons hemelse Vader. Soos die kategismus ook doen, gaan ons in hierdie preek fokus op verskeie aspekte van die Vader. Wat ons veral opval is kontras in hierdie verband. En die belangrikste een is tussen klein en groot.

Want het ons nie oor die laaste paar maande juis gesien hoe klein die mens werklik is nie. Die mens waarom die heelal moet draai volgens populêre denke, dieselfde mens is nie eers in staat om homself gesond te hou nie. En natuurlik is dit een van die redes waarom ons as gelowiges ook vanoggend hier te saam is. Ons is opsoek na iemand groter. En as daardie iemand groter is, is die volgende vraag natuurlik of Hy sal omgee vir ons as swakke mensekinders.

Tog is daar, soos altyd hoop vanoggend by die Seun van die mens. Want in Lukas 12, ons teksgedeelte vanoggend, openbaar Christus die Vader. Hy openbaar die Vader aan 'n groepie mans met 'n roeping op hulle lewens het. 'n Roeping om die wêreld deur die evangelie te gaan verkondig. Juis die evangelie wat Christus ook vir hulle leer op hierdie stadium.

Kom ons word stil voor die openbaring van Hom wat werklik groter as alles is. Groter as die pandemie en ekonomiese krisis wat ons tans beleef. Maar kom ons gaan ondersoek dan ook juis ons plek in verhouding tot Hom wat groter is as wat ons kan dink of glo. Want in hierdie waarheid vind ons daardie unieke troos wat te vinde is in die Heidelbergse kategismus.

2. Groter as die hier en nou.

In ons eerste hoofpunt word ons stil voor die grootheid van God. Baie van u bestudeer al vir jare die Woord van die Here, en die groot Christelike leerstellings. Daarom is dit nie nuus as ons vertel oor die skepping van alles uit niks. Net soos baie ander kenmerke van God se grootheid, is dit algemene kennis in die kerk.

Tog is daar iets uniek wat ons teksgedeelte vanoggend oor die grootheid van die Here geopenbaar word. Kom ons verduidelik. Mense wat belangrik is, of ten minste in hul eie oë so glo, wil die waarheid kan beheer. Daar is iets wat deur die eeue al leef, ongelukkig ook soms in die kerk. Eksklusiewe toegang tot die waarheid en dan my eie gemanipuleerde weergawe daarvan aan mense. 'n Weergawe waarmee ek 'n spesifieke doel wil bereik. Ons sien dit wanneer mense ook feite rondom ons huidige pandemie opblaas om juis vrees te bewerkstellig. Tog is ons teksgedeelte duidelik oor wie eintlik gevrees moet word in ver 4 en 5.

Sien, God die Vader is steeds groter as enigiets in die skepping. As Skepper van alles, staan Hy nie net buite nie. Maar ook bo die skepping. Hy regeer dit volgens sy raadsplan tot in die fynste besonderhede. Daarom self as dink die mens hy is in beheer van wat mense weet, of wat met hulle gebeur, lê die hoogste gesag uiteindelik nie by iemand op die aarde nie.

Tog in ons spesifieke situasie voel ons dat ander mense die minste van ons probleme is. Want daar is 'n pandemie, wat skynbaar die laaste sê oor jou lewe het. Ons word duidelik daagliks deur alle kanale gebombaardeer met die boodskap dat jy of jou geliefde kan sterf aan covid-19.

Tog is wat Christus sê duidelik: "Moenie bang wees vir dié wat die liggaam doodmaak en daarna niks verder kan

doen nie". Dit is waar die pandemie se tentakels stop, die dood. En dit is die belangrike vraag aan 'n moderne samelewing. Is jou vrese en derhalwe jou lewe net gerig op beskerming hierdie kant van die dood?

3. Groot genoeg om vir die geringste om te gee

Maar kom ons benader die saak van 'n ander kant af. Dit is vir ons vandag vir ons baie bekend dat alles wat ons om ons beleef deel is van 'n sisteem. 'n Sisteem wat in fyn balans is. Versteurings in hierdie balans het dikwels groot effekte. Kyk byvoorbeeld net na die ekonomie, en die effek wat die inperking daarop gehad het. Of die natuur en die gereelde waarskuwing aan die mens, oor sy gebrek aan bewaring daarvan.

Tog ondanks al die versteurings deur die eeue, is daar vandag nog 'n groot groep mense, diere en selfs plante oor. En wetenskap is dit tog eens dat die huidige mense, diere en plante al vir baie jare hier op die aarde bestaan. Kan dit werklik toeval wees, dat pandemies, soos wat ons nou beleef. Of selfs oorloë en ander tragiese gebeure nog nooit in staat was om al die mense, of al die diere, of al die plante op die aarde te vernietig nie. Nee broer en suster vir die gelowige bestaan toeval mos nie.

Die antwoord lê eerder in vers 6 en 7 van ons teksgedeelte. Daar is iemand wat vir die kleine mossie sorg. Ja, die geringe mossie waaraan die mense maar 'n geldwaarde van twee sent koppel, selfs hy is hoog op die prioriteitslys van die Onderhouer van die heelal. Dit is die volgende openbaring wat Christus maak in ons teksgedeelte. Alles rondom ons, ja alles wat ons kan ondersoek en leer ken, is nie daar per toeval nie. Dit is nie daar omdat ons dit daar wil hê of geplaas het nie. Dit is daar omdat God dit steeds elke dag onderhou en versorg. Daarsonder sal dit eenvoudig tot niet gaan. Dus is God nie net groot genoeg om alles te kon skape

Tweede Preek

nie. Hy is ook groot genoeg om alles elke dag in die kleinste besonderhede te onderhou.

4. Groot genoeg om jou te versorg

Wanneer ons die vraag oor ons ewige welstand bedink, skemer die genade alreeds deur in die vorige hoofpunt. Ons bestaan tog net omdat God dit so wil hê. Tog kan ons nie help as om nie maar veel beter as 'n plant of 'n dier te voel indien die preek hier sou stop nie. 'n Plant of dier wat maar net bestaan uit die genade van die Here. Tog ook in lyn met die vorige punt weet ons, dat ons hier praat van tydelike bestaan voor die aardse dood.

Maar selfs in hierdie tydelike bestaan word die unieke omgee van die Here aan ons geopenbaar. In vers 8 lees ons dat elke haar op ons hoof getel is. Die Vader ken die getal hare op jou kop. Ja daardie fyn besonderhede wat ons nie eers self ken nie. Dit weet ons Skepper. Want ons Skepper is nie net ons Skepper nie, Hy is ook ons onderhouer elke. Hy koppel 'n waarde aan ons, vers 8 sê 'n waarde baie meer as mossies.

Maar uit die res van die Woord van die Here weet ons hoe groot hierdie waarde is. Dit is so groot dat die Vader, Sy eniggebore Seun stuur om ons sondes op Hom te kom neem. En om dan die volmaakte offer daarvoor aan die kruis te gaan betaal. Dit is baie belangrik vir ons swakke mensekinders. Want die Heilige Vader wil met ons sondige mense 'n Vader-kind verhouding hê. En soos 'n liefdevolle aardse Vader, weet ons dat die hemelse Vader ook alles tot ons beswil sal laat uit werk.

5. Slot

Ons kan nie anders as om hierdie preek oor die grootheid van God die Vader in verwondering af te sluit nie. Die gebroke alledaagse natuur rondom ons, leer ons om maar aan teleurstellings gewoon te

raak. Die een tragedie op die ander leer ons om niks goed van niemand te verwag nie. En die lyn van ons kategismus tot hier het ook hierdie sondige, gebroke natuur van die mens geopenbaar aan ons.

Ook in die eerste gedeelte van hierdie preek, is die siening van die mens nie baie positief nie. Dit word duidelik wanneer ons die nietigheid van die mens kontrasteer met die almagtige Vader. Ja selfs al dink die mens dat hy alles onder beheer het, neem dit net 'n pandemie soos Covid-19 om die waarheid uit te wys.

Tog in genade is dit nie waar alles vir die mens eindig nie. Want behalwe vir die fisiese omgewing wat die Here geskape het, wat perfek ingerig is vir menslike lewe. Behalwe vir die onderhouding van die mense se lewe is daar nog meer. Die Vader kom openbaar Sy groot liefde vir die mense. Wanneer Hy Sy eniggebore Seun stuur om in die plek van ons sondes te sterf aan die kruis. Want hierdeur is ons vrygespreek om as kinders van die Vader aangeneem te kan word. Want die liefde van die Almagtige Hemelse Vader veroorsaak dat Hy 'n Vader-kind verhouding met ons wil hê. Daarom het ons 'n hemelse Vader wat alles in hierdie jammerdal beskik en tot ons beswil verander.

Amen